

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 38**

**21 September 2025**

## Wat is die verskil tussen Geloof en Hoop?

**Geloof en hoop is verskillend, maar tog verwant. Dat daar 'n verskil tussen geloof en hoop is, blyk uit 1 Kor 13:13: "En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!" Twee van die drie grootste gawes is geloof en hoop – en hulle word afsonderlik gelys. Dat geloof en hoop verwante konsepte is, word gesien in Hebr 11:1 (OV): Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop…"**

**Wat is geloof?**

Geloof is om 'n vaste vertroue in iets te hệ - om vas van iets oortuig te wees. Geloof behels intellektuele instemming tot 'n stel feite en vertroue in daardie feite. Ons het byvoorbeeld geloof in Jesus Christus. Dit beteken dat ons Jesus volkome vertrou vir ons ewige bestemming. Daar is intelektuele instemming met die feite van Sy plaasvervangende dood en liggaamlike opstanding en ons vertrou op Sy dood en opstanding vir ons verlossing.

**Wat is Bybelse hoop?**

Bybelse hoop is gebou op geloof. Hoop is die gretige afwagting wat gepaard gaan daarmee om iets goeds te glo. Hoop is 'n vaste verwagting wat uit geloof voortspruit. Hoop is 'n vreedsame versekering dat iets wat nog nie gebeur het nie, wel sal gebeur. Hoop moet iets behels wat nog onsigbaar is: "Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien?" – Rom 8:24. Jesus se wederkoms is ons "salige hoop" (Titus 2:13 OV) – ons kan Hom nog nie sien nie, maar ons weet Hy kom en ons verwag daardie gebeurtenis met vreugde.

**Die basis vir ons geloof en hoop**

Jesus het gesệ Hy kom weer (Joh 14:3). Deur geloof vertrou ons Sy woorde en dit lei tot hoop dat ons eendag vir altyd by Hom sal wees. Jesus is uit die dood opgewek. "Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het" – 1 Kor 15:20. Dit is die basis vir ons geloof. Dan het ons Jesus se belofte: :…omdat Ek lewe en julle sal lewe" – Joh 14:19) Dit is die basis van ons hoop.

**Geloof en hoop is aanvullend**

Geloof is gegrond in die werklikheid van die verlede; hoop kyk na die werklikheid van die toekoms. Sonder geloof is daar geen hoop nie en sonder hoop  is daar geen ware geloof nie. Christene is mense van geloof en hoop. Ons het "die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het." – Titus 1:2

**Dankie!**

Vir die gawes van geloof, hoop en liefde!

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Rudi Kruger
- Johnny Viviers
- Judy Roux
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Pierre Pienaar
- Marelize Harrison
- Marcel Holtzhausen
- Rassie v Deventer
- Marina Visser
- Piet Loggerenberg

Natasja van Zyl
Tannie Rina van der Vyver
Ds Fritz Kotzé
Juanita Rossouw
Laura Viegas
Oom Monty Pienaar
Spokie Vorster
Oom Piet Pretorius
Marius van der Westhuizen
Tannie Nelie van Tonder
Bets Botha
Janine Vorster

**Gedagte vir die week**

**Glo is ophou probeer**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org